

TomTom Naslaangids

Inhoud

Gevaarsones	3
<hr/>	
Gevaarsones in Frankryk.....	3
Gevaarsonewaarskuwings	3
Verander die manier waarop jy gewaarsku word.....	4
Rapporteerknoppie.....	4
Rapporteer 'n nuwe gevaarsone in die ry	4
Rapporteer 'n gevaarsone terwyl jy tuis is	5
Veiligheidswaarskuwingskieslys.....	5

Gevaarsones

Gevaarsones in Frankryk

Meer oor gevaarsones

Sedert 3 Januarie 2012 is dit onwettig om waarskuwings oor die posisie van vaste of mobiele spoedkamas te ontvang wanneer mens in Frankryk bestuur. Ten einde nakoming van hierdie verandering aan Franse wetgewing te verseker, word die ligging van alle tipes spoedkamas en veiligheidsverwante funksies voortaan as gevaarsones gerapporteer.

In Frankryk staan die TomTom-spoedkameradiens as TomTom-gevaarsones bekend.

Gevaarsones kan een of meer spoedkamas of 'n reeks ander bestuursgefare bevat:

- Spesifieke liggings is nie beskikbaar nie en 'n gevaarsone-ikoon word in stede gewys namate jy die sone nader.
- Die lengte van die sone hang af van die tipe pad by die huidige ligging en kan 300m, 2000m of 4000m wees.
- Die ligging van een of meer spoedkamas, indien enige, kan op enige punt binne die sone wees.
- As verskeie kamas naby mekaar is, kan die waarskuwings in 'n enkele langer sone verenig word.

Belangrik: Buite Frankryk ontvang jy waarskuwings oor spoedkamas. Binne Frankryk ontvang jy waarskuwings oor gevaarsones. Wanneer jy die grens oorsteek, verander die tipe waarskuwing wat jy ontvang.

Gevaarsonewaarskuwings

Waarskuwings word gegee elke 15 sekondes voordat jy 'n gevaarsone bereik. Jy word op drie maniere gewaarsku:

- Jou toestel speel 'n waarskuwingsklank.
- Jou afstand vanaf die gevaarsone word in die ritaansig gewys. As 'n spoedbeperking vir die sone bekend is, word die spoed ook in die ritaansig gewys. Die waarskuwing bly in die ritaansig vir solank as wat jy in die gevaarsone ry.
- Die ligging van die gevaarsone word op die kaart vertoon.

Verander die manier waarop jy gewaarsku word

Om die manier te verander waarop jou TomTom jou teen gevaarsones waarsku, tik **Waarskuwinginstellings**.



Jy kan dan die waarskuwingsklank wat gespeel word, instel.

1. Tik **LIVE-dienste** in die hoofkieslys.
2. Tik **Veiligheidswaarskuwings**.
3. Tik **Waarskuwinginstellings**.
4. Kies wanneer jy teen gevaarsones gewaarsku wil word. Jy kan kies om altyd gewaarsku te word, nooit gewaarsku te word nie of om slegs gewaarsku te word wanneer jy te vinnig ry.
5. Tik die klank in wat vir die waarskuwing gebruik moet word.

Die waarskuwingsklank word gespeel en jy word gevra om te bevestig dat jy hierdie waarskuwingsklank wil hê. Tik **Nee** om 'n ander klank te kies.

6. Tik **Klaar** om jou verandering te stoor.

Rapporteerknoppie

Om die rapporteerknoppie in die ritaansig te wys, doen die volgende:

1. Tik **LIVE-dienste** in die hoofkieslys.
2. Tik **Veiligheidswaarskuwings**.
3. Tik **Aktiveer rapporteerknoppie**.
4. Tik **Klaar**.

Die rapporteerknoppie word aan die linkerkant van die ritaansig vertoon of as jy reeds die kitskieslys gebruik, word dit by die knoppies gevoeg wat in die kitskieslys beskikbaar is.

Wenk: Om die rapporteerknoppie te verberg, tik **Deaktiveer rapporteerknoppie** in die **veiligheidswaarskuwing**-kieslys.

Rapporteer 'n nuwe gevaarsones in die ry

Om 'n gevaarsones in die ry te rapporteer, doen die volgende:

1. Tik die [rapporteerknoppie](#) wat in die ritaansig of in die kitskieslys gewys word om die ligging van die gevaarsones aan te teken.
2. Bevestig dat jy 'n gevaarsones wil byvoeg.
Jy sien 'n boodskap wat bevestig dat die verslag geskep is.

Rapporteer 'n gevaarsone terwyl jy tuis is

Jy hoef nie by die ligging van 'n gevaarsone te wees om die nuwe ligging te rapporteer nie. Om 'n nuwe gevaarsoneligging te rapporteer terwyl jy tuis is, doen die volgende:

1. Tik **LIVE-dienste** in die hoofkieslys op jou navigasietoestel.
2. Tik **Veiligheidswaarskuwings**.
3. Tik **Rapporteer gevaarsone**.
4. Gebruik die por om die presiese ligging van die gevaarsone op die kaart te merk; tik dan **Klaar**.
5. Tik **Ja** om die ligging van die gevaarsone te bevestig.

Jy sien 'n boodskap wat bevestig dat die verslag geskep is.

Veiligheidswaarskuwingskieslys

Om die veiligheidswaarskuwingskieslys oop te maak, tik **LIVE-dienste** in die hoofkieslys en tik dan **Veiligheidswaarskuwings**.



**Rapporteer
gevaarsone**

Tik hierdie knoppie om ['n nuwe gevaarsoneligging te rapporteer](#).



**Waarskuwingin-
stellings**

Tik hierdie knoppie om te [stel wanneer jy waarskuwings ontvang](#) asook die klank.



**Deaktiveer
waarskuwings**

Tik hierdie knoppie om waarskuwings te deaktiveer.



**Aktiveer rappor-
teerknoppie**

Tik hierdie knoppie om die [rapporteerknoppie te aktiveer](#). Die rapporteerknoppie word in die ritaansig of in die kitskieslys gewys.

Wanneer die rapporteerknoppie in die ritaansig gewys word, verander hierdie knoppie na **Deaktiveer rapporteerknoppie**.
